UNIVERSITEIT • STELLENBOSCH • UNIVERSITY

# KAMPUS Nuus



# RACHEL JAFTA
## neem leiding

Disaster risks and education

Beyers Naudé-sentrum vier 10 suksesjare

Top musicians at Chamber Music Festival

Bly só gesond in die winter

JAAR 21#05 JUNIE/JULIE 2013 YEAR 21#05 JUNE/JULY 2013
US Personeelblad SU Staff Magazine


# contents inhoud


My kampus: Prof Nina Schumann en haar klavier ........ 3
Learners contribute to scientific publication ........ 4
US-swembad het jongste tegnologie ........ 5
USB-BO onder top 50 in die wêreld ........ 6
Larwe-projek wen Innovasieprys ........ 7
Disaster risks and education ........ 8
Beyers Naudé-sentrum vier dekade ........ 9
Ancient secrets explored ........ 10
Rassisme in die wetenskap ........ 11
Johann Du Plessis vier 33 kunsryke jaar ........ 12
Kampuslewe: Eet, lees en luister ........ 13
Stay healthy this winter ........ 14
In gesprek met prof Rachel Jafta ........ 15
Brokkies in Beeld ........ 16



9


10


11


*Redakteur:* Wayne Muller
*Voorbladfoto:* Stefan Els
*Bladontwerp:* SUN MeDIA
*Drukwerk:* SUN MeDIA
*Advertensies:* Conita Henry
tel: 021 808 4633, e-pos: chenry@sun.ac.za
*Redaksionele bydraes aan:* Die Redakteur,
Admin B-gebou, tel: 021 808 2927,
faks: 021 808 3800,
e-pos: kampusnuus@sun.ac.za
of wmuller@sun.ac.za

UNIVERSITEIT STELLENBOSCH UNIVERSITY




## VAN DIE Redakteur

Die eerste helfte van die jaar is alweer verby en ons almal begin seker al wonder hoe ons alles wat ons in die tweede semester wil doen, gaan inpas. Maar in hierdie eerste ses maande van 2013 het ons as US-personeellede beslis veel vermag.

Jy hoef net die afgelope vier uitgawes van *Kampusnuus* te lees om dít te bevestig. Hierdie maand berig ons oor van hierdie prestasies. Een prestasie is die tiende bestaansjaar van die Beyers Naudé-sentrum vir Publieke Teologie. Prof Nico Koopman, direkteur van dié sentrum, vertel op bladsy 9 meer oor wat hulle die afgelope dekade bereik het.

In May, Africa's Periperi U Consortium, of which SU forms part, presented a seminar in Geneva at the United Nations' Global Platform for Disaster Reduction. On page 8 Dr Ailsa Holloway writes about the role of tertiary institutions in disaster risk reduction, which is becoming increasingly important.

Research is one of the key focuses of universities, and recently the Faculty of Arts and Social Sciences announced a research project to explore the role race and culture played in previous research. Read more on page 11 about the interesting discovery which led to this project.

Op ons voorblad is prof Rachel Jafta van die Departement Ekonomie wat onlangs as die nuwe voorsitter van die Media24-direksie gekies is. Op bladsy 15 vertel sy aan *Kampusnuus* meer oor haar rol by en planne vir een van die grootste mediamaatskappye in Afrika.

Op bladsy 3 leer ons prof Nina Schumann, klavierdosent en artistieke direkteur van die Stellenbosch Internasionale Kamermusiekfees, van naderby ken.

Die winter is ook op ons, en op bladsy 14 gee ons jou 'n paar wenke oor hoe om gesond te kan bly. Lees ook meer oor 'n kunstentoonstelling in Stellenbosch.

Geniet hierdie uitgawe van *Kampusnuus*, en ook die winterreses. *Kampusnuus* is terug in Augustus.

*Wayne*

## KAMPUS klets

Ek lees die artikel (aanlyn) oor die Universiteit se nuwe "rigting" wat ingeslaan word. Dit kan nogal 'n katnes oopkrap. Miskien kan daar 'n bietjie debat gevoer word rondom die artikel. Dalk kan Russel Botman in *Die Burger* sy opinie gee oor die artikel en die Afrikaanssprekende bevolking meer inlig oor die groot veranderinge? – *Kevin*

Good work (with SU's new website). I really enjoy the new site and can't wait to see the technology being comprehensively used in the future. It really is a massive improvement on the previous site and even looks good on my tablet and smartphone. Bravo! – *Jannie Kirsten*

Baie geluk aan al die mense wat hard agter die skerms gewerk het! Die US se nuwe webblad lyk pragtig. – *Melinda*

Ek sal graag wil sien dat prof Botman sy siening help realiseer deur die Nasionale Ontwikkelingsplan op kampus te propageer, onder meer deur te sorg dat die plan (of 'n opsomming daarvan) wyd op die kampus versprei word, en waar moontlik druk uit te oefen op die politici wat die plan aanvaar het, om dit uit te voer. – *P du T Fourie*

Geluk aan prof Jan Lochner vir die DF Malan-medalje vir gesondheidswetenskap. Groot prestasie! – *Dayne Elizabeth Nel*

Gekompliseerde soektog om die US Jaarboek aanlyn (op US webblad) te vind. – *Carlin van Zyl*

*Briewe aan* Kampusnuus *is welkom. Stuur 'n kort brief na kampusnuus@sun.ac.za, faks 021 808 3800 of lewer af by Admin B. 'n Skuilnaam mag gebruik word, mits jou naam en e-pos/fisiese adres (nie vir publikasie nie) verskaf word.* Kampusnuus *behou hom die reg voor om briewe te verkort en te redigeer. Lewer kommentaar op die US Facebook-blad by www.facebook.com/stellenboschuniversity, of volg ons opTwitter (@StellenboschUni).*





# Vingers op die klawers

*Prof Nina Schumann is een van Suid-Afrika se voorste pianiste en ook uitstekend in klavieronderrig, as 'n mens so luister na haar studente by die US Konservatorium. Maar daarbenewens is sy ook artistieke direkteur van die Stellenbosch Internasionale Kamermusiekfees (SIKMF) – haar geesteskind wat vanjaar vir die tiende keer (van 5 tot 14 Julie) by die Konservatorium gehou word.*

**My werk by die US wissel ...** tussen die gewone en die ongewone. In die eerste kategorie val my onderrig wat óf in groepsverband (akademiese klasse) óf op een-tot-een-basis (praktiese lesse) is. Ek het 'n groot aantal administrasie wat vir die klavierafdeling, asook die Stellenbosch Internasionale Klaviersimposium en die SIKMF gedoen moet word. So ek probeer om my dag te verdeel: onderrig van 08:30 tot 13:00, gevolg deur administrasie en ook self klavier oefen. Die ongewone gebeur so 'n paar maande voor die simposium en die kamermusiekfees wanneer artistieke reëlings tot 'n punt kom en die finale logistiek uitgevoer moet word.



**Ek het nooit gedink ek sal regtig van klasgee hou nie ...** As jy 'n kunstenaar is, bly jy maar selfsugtig en 'n mens loop altyd die gevaar dat jy lesgee met die idee in jou agterkop dat jy eerder sou wou oefen. Maar ek is elke dag met respek bewus van die enorme verantwoordelikheid wat 'n mens teenoor die studente moet hê. Dit verg ondervinding om die studente as mens te laat ontwikkel sonder om te veel in te meng. Vir my is dit wonderlik om studente se groei te aanskou.

**By die kamermusiekfees ...** is ek die artistieke direkteur, wat beteken ek identifiseer alle kunstenaars en uitgenooide gaste en stel die musiekprogramme saam. Ek geniet dit verskriklik, want elke jaar vra ek die kunstenaars wat hulle graag sal wil speel, ek kry dan 'n enorme lys en luister vir 'n week na al die werke. Ek leer baie in die proses – van werke wat ek nog nooit van gehoor het nie tot my instink van watter programme sal werk. Dan doen ek ook administratiewe dinge, soos om die oudisies uit te werk en die legkaart van 'n skedule op te stel.




Lees meer oor vanjaar se SIKMF op bladsy 13.


**Ek is mal oor ...** die kreatiewe en opvoedkundige sy van die kamermusiekfees, van die spanning om op die verhoog te loop met minimale repetisietyd, tot die ongelooflike impak wat die fees op die deelnemers het. Ook is daar die kameraderie van die feesfakulteit en die enorme respek vir mekaar wat 'n mens laat voel dat jy deel is van 'n wêreldgemeenskap. Die fees is altyd my gelukkigste tyd van die jaar!

**Ek oefen in blokke ...** met die belofte dat ek drie uur se oefen per dag sal inpas. Dit werk natuurlik nie altyd so uit nie. Soms doen jy minder, soms meer, maar vir my is die dae van sewe uur per dag oefen ongelukkig verby. Ek probeer 'n sekere aantal konserte per jaar handhaaf en probeer ook al meer konserte in verskillende kombinasies doen: van solo en concerto tot kamermusiek. Oorsese reise en CD's opneem probeer ek inpas volgens die Universiteit se kalender. Gelukkig is die Universiteit ondersteunend van die kreatiewe uitsette.

**Vrye tyd is ...** om te leer om soos enige normale mens 'n naweek met die kinders te spandeer. My oudste, Antonio, is nou ses jaar oud en ek kry dit nou eers reg om nie skuldig te voel as ek nie die naweek ook werk nie. Ek en my man, Luis Magalhães (ook 'n konsertpianis en verbonde aan die Konservatorium), hou van rolprente kyk en ons probeer meer musiekbaal speel so veel ons kan.

*Foto's: STEFAN ELS*

# Ingrid Jonker tref steeds

Bykans 50 jaar ná haar dood gryp Ingrid Jonker steeds die verbeelding aan. En ondanks vele werke oor haar wat reeds verskyn het, word elke nuwe boek met groot geesdrif ingewag.

Die sakpasgrootte biografie *Ingrid Jonker*, deur prof Louise Viljoen van die US se Departement Afrikaans en Nederlands, is geen uitsondering nie. En die resensente het dit baie goed ontvang. Op die Versindaba-webwerf skryf Daniel Hugo so oor die boek: "Dit is 'n wonderbaarlike boek wat enige tyd net so goed of selfs beter is as enige Kannemeyer-biografie van vyf keer die omvang".


*Ingrid Jonker* word in Engels deur Jacana uitgegee as deel van 'n reeks oor bekende Suid-Afrikaners. Die Jonker-boek is die eerste oor 'n skrywer.

Viljoen het sowat agttien maande lank – "tussen ander goed deur" – aan die boek gewerk. "Gelukkig is daar al baie oor Ingrid geskryf en ek kon ook dokumente van Jack Cope (een van Jonker se minnaars) in die Nasionale Engelse Letterkundige Museum in Grahamstad bestudeer," sê sy.

Cope se seun, die skrywer Mike Cope, het lank gelede geskryf die kombinasie van sensualiteit, rebelsheid en vroeë afsterwe het daartoe bygedra dat Jonker, jare nadat sy die see ingestap het, steeds die verbeelding aangryp.

"Maar," sê Viljoen, "as die gedigte nie ook van waarde was nie, sou die belangstelling in Jonker nie so groot gewees het nie. As navorser was sy versigtig oor hoe sy met briewe en dagboeke omgegaan het.

"Dokumente is nie onskuldige tekste nie. Daar is altyd 'n mate van selffabrikasie in dagboeke en briewe. Die skrywer presenteer hom/haarself deur sy/haar skrywe – veral in die geval van briewe aan 'n minnaar/minnares. 'n Mens moet nooit verlei word om te dink 'n dokument gee die hele waarheid weer nie. Wanneer iets neergeskryf word, is dit reeds 'n vertolking van gebeure."



*Prof Louise Viljoen van die Departement Afrikaans en Nederlands se sakgrootte biografie oor Ingrid Jonker het onlangs verskyn.* Foto: STEPHANIE NIEUWOUDT

## Matie athlete honoured with National Order

Matie Paralympic athlete Ilse Hayes has done SU proud once again. She was awarded the Order of Ikhamanga in Silver for "her courageous and relentless pursuit of excellence and incredible physical endurance".

National Orders are the highest awards that the country, through its President, bestows on its citizens. The Order of Ikhamanga recognizes those who excel in the fields of sport, literature, journalism, arts and culture.

The National Orders are conferred yearly on Freedom Day (27 April) at the Presidential Guest House in Pretoria.



*Ilse Hayes*

Hayes, who is visually impaired, participates in the 100m, 200m and long jump and has won two gold, two silver and one bronze Paralympic medal in 2004, 2008 and 2012. She works as the Sports Coordinator at SU's After School Programme at Lentelus, which forms part of the HOPE Project.

"The award is also great motivation for me to train harder and push myself even more," says Hayes, who is currently training for the International Paralympic Committee Athletics World Championships in Lyon, France, in July.

She concludes that being awarded the highest accolade by the president once again proves that having a disability does not have to hold you back – you can accomplish anything.

## Western Cape learners contribute to scientific publication about ants

Ant data collected by Grade 10 learners from the Western Cape for SU's Iimbovane Outreach Project were published in an international peer-reviewed scientific journal, *PLOS One*.

The Iimbovane Outreach Project is managed by the DST-NRF Centre for Invasion Biology (C•I•B) at SU. The Centre is a national network of researchers and students working on biodiversity and biological invasions in South African.

Since 2006, learners from 18 secondary schools have been taking part in a research project that monitors ant variety across the Western Cape. As part of their practical work the learners do vegetation surveys twice a year and set pitfall traps around their school grounds to collect ants.

Iimbovane project manager, Dorette du Plessis, says to date they have identified 175 morphospecies (species distinguished on the basis of their form and structure) in the various collection sites.

"Ants are important to the environment because they act as ecosystem engineers. In the Western Cape, they take the fynbos seeds into their nests to feed on its nutritious sugary coating. The nest then provides protection to the seed until it germinates," she explains.

The combined efforts of this 10-year monitoring programme have led to three papers in important journals, namely the *Journal of Insect Conservation, BioScience* and *PLOS* One.



## Universities share best practices in transformation

There is unanimity among the Western Cape's four public universities on the need for higher-education transformation and the benefits of sharing experiences in this regard.

This much was clear from a "Transformation: Best Practices" workshop of the Cape Peninsula University of Technology (CPUT), the University of Cape Town (UCT), the University of the Western Cape (UWC) and SU recently.

The day-long meeting took place at Asara Estate outside Stellenbosch on 25 April, and was also attended by the Cape Higher Education Consortium (Chec), the Human Rights Commission (HRC), and the Institute for Justice and Reconciliation (IJR).

The CPUT delegation was led by Manager of Institutional Transformation, Social Cohesion and Diversity, Makhwenkwe George Mvalo, UCT by Deputy Vice-Chancellor Prof Crain Soudien, UWC by Executive Director of Human Resources Amanda Glaeser, and SU by Vice-Rector for Community Interaction and Staff, Prof Julian Smith. UCT Vice-Chancellor Dr Max Price participated in the morning session, while his SU counterpart, Prof Russel Botman, was present throughout the day.

The four university delegations each made a presentation on transformation at their own institutions. This was done with a view to learning from each other.

A number of the participants proposed that the workshop as regional initiative should be taken forward in some form.

## US se nuwe Olimpiese swembad beskik oor jongste tegnologie



*Bouwerk aan die US se nuwe 50m-swembad sal einde Junie voltooi wees.*

Die nuwe Olimpiese standaard swembad by die US is tans in aanbou en vorder goed om na verwagting teen 30 Junie voltooi te word.

Dié 50m-swembad van tien swembane, met 'n breedte van 2,5m elk, en 'n diepte van ongeveer 2,2m voldoen volledig aan nasionale en Olimpiese standaarde vir swem asook vir watersportsoorte soos waterpolo en onderwaterhokkie.

"Die projek van R11,6miljoen sal 'n groot aanwins wees vir watersport op Stellenbosch. Die vorige 33m-swembad het glad nie aan hierdie standaarde voldoen nie en dit het watersport aan die US gekniehalter," sê Chris Munnik, Hoofdirekteur: Fasiliteitsbestuur aan die US.

Die projek word deur die US befonds, met 'n ruim bewilliging van die Remgro Groep. In terme van die ooreenkoms met Remgro sal 'n gedeelte van die swembad se kapasiteit ook vir 'n bepaalde tyd weekliks tot beskikking van die Stellenbosch Akademie vir Sport (SAS) wees wat dit vir die oefening en opleiding van sportlui sal kan gebruik. Dié ooreenkoms geld vir 10 jaar.


Hoewel die nuwe swembad deel uitmaak van die groter meesterplan vir 'n nuwe akwatiese sentrum met paviljoene, 'n verdere 50m-swembad, duiktenk vir skuba- en ander swemfasiliteite, word slegs die een nuwe swembad tans aangebou in die plek van die bestaande ou swembad met die res wat moontlik later sal volg as fondse beskikbaar is.

Die gras-skuinstes aan weerskante van die bestaande ou swembad word vir eers behou waar toeskouers tydens byeenkomste op verskuifbare paviljoene sal kan sit. Dit sal later met permanente paviljoene vervang kan word.

Die nuwe swembad beskik oor die heel nuutste tegnologie soos elektroniese tydhou-toerusting, meganiese verhitting en verkoeling ondersteun deur sonpanele, die heel nuutste tipe wegspringblokke, infrastruktuur vir onderwaterkameras, stroboskopiese onderwater-strookbeligting vir pasaangee tydens oefeninge, asook golfbeheer-infrastruktuur.

Die bane vir onderwaterhokkie word in die teëlwerk ingebou en toue vir waterpolo word voorsien. Die swembad sal oor al die nodige doelhokke en ander toerusting wat vir hierdie watersporte benodig word, beskik.

## STIAS fellow Mosibudi Mangena honoured



*Mosibudi Mangena*

Mosibudi Mangena, South Africa's first Minister of Science and Technology and currently a STIAS fellow, received an honorary doctorate from the University of KwaZulu-Natal, Doctor of Science (honoris causa).

The (partial) citation reads as follows: "During his tenure as South Africa's first Minister of Science and Technology, Mangena was the driving force behind several initiatives for the promotion of Science and Technology, research and development as well as innovation."

On Freedom Day, 27 April, Mangena was also honoured by President Jacob Zuma with the Order of Luthuli (in silver). This National Order recognises South African citizens who have contributed to the struggle for democracy, nation-building, building democracy and human rights, justice and peace as well as for the resolution of conflict.

At STIAS, Mangena is working on a book publication, *On our Own*, in which he "examines South African politics in exile and how that had an impact on the relationship of political parties inside the country".

# Vestiging van opleidingsinstituut erken

Pieter Kloppers, Direkteur: Sentrum vir Studentegemeenskappe by die US, en dr Munita Dunn, Adjunkdirekteur: Sentrum vir Studentegemeenskappe, is onlangs deur die Association of College and University Housing Officers – International (ACUHO-I) vereer vir die werk wat hulle verrig het om 'n opleidingsinstituut vir personeel gemoeid met studentehuisvesting in Suid-Afrika te vestig. Hulle het toekennings ontvang vir hul leierskap, diens en bydrae tot die opleiding en professionalisering van studentehuisvestingspersoneel.


Die opleidingsinstituut Student Housing Training Institute (SHTI) is gegrond op die Amerikaanse model van die National Housing Training Institute (NHTI). Dit bied aan personeel gemoeid met studentehuisvesting die geleentheid om 'n teoretiese onderbou op te doen. Die kursus, wat vyf dae se intensiewe opleiding in verskeie modules behels, is vir die eerste keer in 2011 by die US aangebied.

In 2012 is daar naas die basiese kursus ook 'n gevorderde kursus aangebied en dieselfde is vanjaar gedoen. Nadat die geleentheid drie keer by die US aangebied is, sal dit nou na Pretoria skuif waar die Universiteit van Pretoria die gasheer sal wees vir die volgende drie jaar.

"Daar is 'n duidelike behoefte aan so 'n kursus," sê Kloppers en Dunn. "Dit dien ook as 'n netwerkgeleentheid en die deelnemers leer baie by mekaar."

Volgens Kloppers het die aanbieding van die kursus in Stellenbosch goeie blootstelling vir die US verseker en was die deelnemers veral dol op die AmaMaties Hub. "As studentebehuising reg loop, loop die US beter," het hy bygevoeg.

Dr Ludolph Botha, Senior Direkteur: Studente- en Akademiese Steun, het hulle bedank en gelukgewens met die baie suksesvolle program van die instituut wat hulle vir die derde agtereenvolgende jaar gereël en aangebied het.




*Pieter Kloppers* *Dr Munita Dunn*
*Foto's: ANTON JORDAAN*

# US-genetikus **beste** wetenskapskommunikeerder

Die genetikus dr Leon van Eck van die US is die algehele wenner van die Young Science Communicators-kompetisie van die Nasionale Navorsingstigting (NNS) en die Suid-Afrikaanse Agentskap vir die Bevordering van Wetenskap en Tegnologie (SAASTA).

Dié ná-doktorale navorser het gewen met 'n artikel oor die verhouding tussen Brasiliaanse neute, bye en orgidieë. Die beoordelaars het Van Eck eenparig as die algehele wenner aangewys, en sy opstel "Jungle Fever: Brazil Nuts, Bees and Orchids" het ook die kategorie vir nuusartikels gewen.

Sy artikel oor die besonderse interaksie tussen bye en orgidieë, en hul verrassende verband met die Brasiliaanse neutbedryf, is as "fassinerend, toeganklik en vermaaklik" beskryf.



*Dr Leon van Eck*

Nikki le Roex, 'n doktorale student aan die US Departement Biomediese Wetenskap, en die voormalige Matie-joernalistiekstudent Dane McDonald, was onder die jong wetenskaplikes wie se skryfwerk ook eervolle vermelding ontvang het.

Die kompetisie moedig jong wetenskaplikes aan om hul werk te kommunikeer deur middel van nuusartikels, radiotekste of video's. Altesaam 60 inskrywings van regoor Suid-Afrika is ontvang in die drie kategorieë.

Volgens Van Eck was hy nog altyd geïnteresseerd in die natuurlike omgewing, veral in die interaksie tussen plante en hul omgewing. Hy het al op 'n keer tot 400 orgidieë in sy eie kweekhuis versorg, maar het nou afgeskaal "tot 'n meer beheerbare 20 plante".

"Ek het 'n sagte plekkie vir orgidieë, nie net vir hul skoonheid nie, maar ook oor hul fassinerende evolusionêre aanpassingswyses. Die interaksie tussen bye en orgidieë is regtig iets besonders en is deel van 'n delikate ekologiese sisteem," sê hy.

# USB-BO onder top 50 in die wêreld

USB Bestuursontwikkeling (USB-BO), die publieke bestuursontwikkeling-en-opleidingsmaatskappy van die Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool (USB), is weer eens deur die *Financial Times Executive Education 2013 World Ranking* onder die top 50 bestuurskole in die wêreld geplaas.

Die *Financial Times* evalueer bestuurskole jaarliks ingevolge pasgemaakte bestuursopleidingsprogramme, oop-inskrywingsprogramme en 'n gekombineerde evaluasie van die twee kategorieë van die skole. Die jongste top 50-plasing van USB-BO volg ná 'n soortgelyke prestasie in 2011.

USB-BO was een van net twee Suid-Afrikaanse en Afrika-bestuurskole om plek op die gekombineerde evaluasie te verkry.

Die internasionale vennote van USB-BO, Center for Creative Leadership en Vlerick Leuven Gent Management School, was onderskeidelik 8ste en 39ste op die lys.

Frik Landman, uitvoerende hoof van USB-BO, het gesê: "Indien die duisende bestuurskole regoor die wêreld in ag geneem word, is dit geensins 'n klein prestasie om op die *Financial Times* se top 50-lys te wees nie."



# Larwe-projek wen Innovasieprys



*Die US- en AgriProtein-span vier hul toekenning saam met Pauline Mujawamariya, programbestuurder van African Innovation Foundation, en Walter Fust, voorsitter van die Stigting se raad.*

'n Gesamentlike navorsingsprojek tussen die US en die Kaapstadse dierevoermaatskappy AgriProtein het onlangs 902 ander projekte uitgestof om by 'n gala-ete in die Mount Nelson Hotel in Kaapstad as die wenner van die Innovasieprys vir Afrika aangewys te word.

Hierdie prys is 'n inisiatief van die African Innovation Foundation.


Die span het erkenning ontvang vir hul innoverende benadering tot nutriëntherwinning, 'n metode wat afval en vlieglarwes gebruik om natuurlike dierevoer te produseer.

Dr Elsje Pieterse, dosent in die Departement Veekundige Wetenskappe aan die US, is verheug dat hulle die prys gewen het. Sy het verduidelik wat presies hulle by die US se Mariendahl-proefplaas doen: "Ons gebruik verskillende soorte afval, soos voedsel waarvan die raklewe verstryk het, vrugtepulp en -afval, afvalkos uit hotelle, universiteitskoshuise en die Neelsie, asook afval van die slagpale. Ons identifiseer dan verskillende insekte wat geskik is om daardie afval af te breek. Ons voer dan die larwes van daardie insekte met die spesifieke afvalstroom. Die larwes word daarna gedroog, tot larwemeel gemaal en by veevoer ingemeng."

'n Bykomende voordeel van hierdie projek is dat die afval wat andersins op vullishope sou beland het, nou as 'n waardevolle, gekontroleerde broei-area vir die insekte gebruik word.

Luidens 'n persverklaring verbeter AgriProtein se benadering die voedingswaarde van vleis en verlaag dit die koste van veevoer. "Die wenners stel Afrika-oplossings vir Afrika-uitdagings ten toon," het Jean-Claude Bastos de Morais, medestigter van die African Innovation Foundation, gesê.

## Nuwe model vir vigsbehandeling



*Prof Wim Delva*

'n Span wetenskaplikes van Suid-Afrika, Europa en Amerika het 'n nuwe modelleringsplatform, SIMPACT, ontwikkel wat die verspreiding van MIV/vigs kan simuleer, asook die impak en doeltreffendheid van verskillende voorkomings- en behandelingstrategieë.

'n Oorsig van SIMPACT se toepassings in Suid-Afrika is begin Mei deur die Suid-Afrikaanse Sentrum vir Epidemiologiese Modellering en Analise (SACEMA) by die Wallenberg-navorsingsentrum by die US aangebied. SACEMA is 'n DWT/NRF Sentrum van Uitnemendheid by die US.

Al is daar die afgelope 25 jaar reeds honderde modelle vir die oordrag, voorkoming en behandeling van MIV/vigs ontwikkel is, oorbrug SIMPACT die vereiste om elke keer 'n model van nuut af te ontwikkel as navorsers of besluitnemers 'n nuwe probleem of beleidskwessie wil aanspreek.

Prof Wim Delva, 'n epidemioloog by SACEMA, verduidelik: "SIMPACT is gegrond op individuele gedrag – soos die oordrag, voorkoming en behandeling van MIV/vigs – binne 'n seksuele netwerk. So 'n individugebaseerde model hou histories tred met die reeks van gebeure in verskeie individue se lewens.

SIMPACT stel navorsers in staat om die kompleksiteit van die oordrag en verspreiding van MIV te simuleer, en terselfdertyd enige voorkomings- en behandelingsintervensies vir 'n spesifieke situasie aan te pas.

## Chief Justice Mogoeng visits Stellenbosch



*Chief Justice Mogoeng Mogoeng*

The importance of judicial independence was at the core of the message delivered by Chief Justice Mogoeng Mogoeng at the 2013 Annual Human Rights Lecture of the Law Faculty at SU on 25 April.

The event was organised by Prof Sandra Liebenberg, the incumbent of the HF Oppenheimer Chair in Human Rights Law. The topic of his talk was "The implications of the office of the Chief Justice for constitutional democracy in South Africa".

"Judicial independence is for the protection and benefit of the public. It is to ensure that the Judiciary is able to carry out its role as guardian of the Constitution without fear or favour," he said. However, unlike the executive and legislative branches of the government, the Judiciary in South Africa has "over the years looked very much like a unit within or an extension of the Department of Justice and Constitutional Development", Mogoeng said.

The Office of the Chief Justice was established as a national department located within the Public Service in 2011. The next phase will include its establishment of the Office as an independent entity, similar to the Auditor-General.

# Disaster **risks** and **education**

*Every two years, the United Nations convenes a global consultation related to disasters and disaster risk reduction known as the Global Platform for Disaster Reduction. This year, it took place from 21 to 23 May in Geneva, and Africa's Periperi U Consortium, of which SU forms part, was there. Dr AILSA HOLLOWAY explains the role of higher education in disaster risk reduction.*

In a unique contribution to the 2013 United Nations Global Platform event, Africa's Periperi U Consortium organised a seminar on 24 May in Geneva which focused explicitly on the role of higher education in building capacity related to disaster risk reduction. This event, *Forging knowledge foundations: Framing resilient futures,* was hosted by the Technical University of Mozambique and SU's Disaster Mitigation for Sustainable Livelihoods Programme (DiMP), the Periperi U secretariat, in association with the UNISDR.

The Periperi U seminar's thrust argues that building disaster resilient futures goes well beyond a limited view of risk-averse construction that is confined to bricks and mortar. It underlines the crucial role played by higher education in establishing the human capital foundation for advancing disaster risk-related policy and practice.

The forum also aimed at opening up a conversation between institutions of higher learning committed to educational innovation in applied disaster risk scholarship and the diverse range of professional and institutional constituencies engaged in disaster risk reduction.


The Periperi U seminar also represented an extraordinary opportunity to challenge entrenched perceptions about limited African capability in the disaster risk management field. The programme profiled a broad range of innovations – in disaster risk-related curricula, postgraduate research and disaster risk reduction practice from "Algiers to Antananarivo". These include the introduction of seven new disaster risk management Master's degrees since 2008 – with a further three Master's programmes poised to launch this year. They are also reflected in more than 80 professional short courses carried out by consortium partners that have reached more than 2 000 people on risk-related topics as diverse as "Public health in complex emergencies" and "Economic valuation methods and disaster risk reduction".

Perhaps even more important, the Periperi U seminar signalled the remarkable capacity of African higher education institutions to self-mobilise at local, national and continental levels, transgressing geographic and disciplinary boundaries, as well as differences in language. For instance, although consortium members teach in at least seven languages (including Afrikaans, Arabic, English, French, Kiswahili, Malagasy and Portuguese), they have aligned their disaster risk-related scholarship efforts at continental and international levels.

This seminar's emphasis on closer cooperation between government, private sector, civil society and higher education stake-holders is also reflected in a wide-ranging participation – from the United Nations agencies and International Red Cross Movement to the African Union and other regional groupings, such as the East Africa Community. Such support signals a welcome, albeit belated, recognition in the disaster risk field, that higher education institutions play a crucial role in risk-averse development.

Encouragingly, it also seems that there is growing realisation that, in Africa, their active engagement is key to sustaining the provision of skilled human capital to support national and subnational efforts in disaster risk reduction, and central to contextually relevant disaster research to inform innovation, sustainable development and social upliftment.

For more information on Periperi U, please visit *http://riskreductionafrica.org/en/rra-ddr-per/rra-whatisperiperi.*






# Oom Bey se nalatenskap

Lees meer op bladsy 12 oor die publikasie *Vreesloos gehoorsaam: 'n Keur uit Beyers Naudé se preke van 1939 tot 1997,* wat in Mei bekend gestel is as deel van die vierings van die Beyers Naudé-sentrum se tiende bestaansjaar.

***Die US se Beyers Naudé-sentrum vir Publieke Teologie het in Mei sy tiende bestaansjaar gevier. ALEC BASSON het met prof Nico Koopman, direkteur van dié sentrum en dekaan van die Fakulteit Teologie, gesels.***

Ons wou graag van meet af aan met een van die groot seuns van Afrika, 'n ware rolmodel en voorbeeld, geassosieer word, vertel prof Nico Koopman, direkteur van die Beyers Naudé-sentrum vir Publieke Teologie (BNS), oor die vernoeming van dié sentrum na wyle dr Beyers Naudé, bekende predikant, publieke teoloog en anti-apartheidsaktivis.

Tien jaar gelede is die BNS begin as die breinkind van die US se huidige rektor, prof Russel Botman, wat die eerste direkteur van die sentrum was.

Koopman noem dat Oom Bey, soos Naudé alom bekend gestaan het, ná 'n besoek van Botman, prof Chris Brink, die destydse US-rektor, en prof Daniel Louw, voormalige dekaan van die Fakulteit Teologie, toestemming verleen het dat die sentrum na hom genoem word.

Die bou van kundigheid oor die rol, taak en verantwoordelikheid van teologie in die publieke arena was 'n belangrike dryfveer agter die ontstaan van die BNS. Die sentrum lewer 'n betekenisvolle bydrae op akademiese en kerklike gebied, sowel as in die breër samelewing, voeg Koopman by.

"Dit poog onder meer om kerke teologies te steun in hul openbare rol in die Suid-Afrikaanse samelewing, en om die idee van 'n publieke kerk vanaf gemeentevlak tot selfs internasionale ekumeniese vlak uit te bou.

"Ons poog om individuele gelowiges toe te rus vir hul roeping as dissipels en burgers in 'n demokrasie, en doen ons werk in dialoog met verskeie akademiese dissiplines, samelewingsinstansies, en mense van verskillende godsdienstige en sekulêre geloofsoortuigings," sê Koopman.

Hy wys daarop dat die BNS in Suid-Afrika en internasionaal 'n leidende rol speel in navorsing vanuit 'n teologiese perspektief oor temas soos menswaardigheid en menseregte, verantwoordelike burgerskap en leierskap, geloof en sosiale identiteit, geregtigheid, vrede en die integriteit van die skepping in globale kontekste, asook geloof en wetenskap.

Die sentrum reël plaaslike en internasionale konferensies, simposia, werkwinkels, besprekingsforums en publieke lesings oor genoemde temas, en verskeie plaaslike en internasionale publikasies sien gereeld die lig.

Ná tien jaar, beklemtoon Koopman, is die BNS reeds goed gevestig as 'n internasionaal gerespekteerde instansie vir navorsing en gemeenskapsinteraksie oor geloof en die komplekse publieke lewe. "Die verskeidenheid navorsingsprogramme, hoë volume goeie gehalte publikasies, en die talle plaaslike en internasionale akademiese en kerklike vennootskappe op feitlik elke kontinent, boekstaaf die suksesse van die BNS in sy eerste dekade."

Oor die sentrum se toekomsplanne sê Koopman hulle wil voortgaan met navorsing en gemeenskapsinteraksie wat 'n geïnformeerde, konsulterende, fasiliterende en bemiddelende rol speel oor die temas van teologie en die openbare lewe.

"Die BNS wil veral sy impak op beleidmakende en beleidsimplementeringsprosesse in verskillende samelewingsverbande verder uitbou," voeg Koopman by.


*Prof Nico Koopman*

# Ancient secrets

*Prof Salima Ikram of the American University in Cairo was recently invited to Stellenbosch University by Prof Sakkie Cornelius, Chair of the Department of Ancient Studies, as part of a project to study ancient Egyptian animal mummies in the Iziko Museums of South Africa in Cape Town. STEPHANIE NIEUWOUDT spoke to her.*

Prof Salima Ikram was nine years old when she decided to become an Egyptologist. "I bumped against the life-sized statues of Rahotep and Nofret (ca 2500BC), a royal couple in the Egyptian Museum in Cairo. Those were the days before they were placed behind glass. I said, 'I am sorry, I am sorry'.

"And from that moment on I knew I wanted to be an Egyptologist. Before that I wanted to work with the Minoans, but they lost me to that experience. Most Egyptologists get bitten by the bug when they are young."

It was also during her youth that she visited a room with animal mummies in the Egyptian Museum and was fascinated. In later years she found the room to be locked, but due to her persistence the room has been re-opened, and she set up the Animal Mummy Project.

She says she is interested in mummified animals because "they are an incredible source of information about religion, technology, the environment, trade and economy".

Dogs were big business in ancient Egypt – they were bred, they were fed, and they were mummified, for which expensive oils and other embalming necessities were needed which were often imported at great expense.

Because large dog catacombs are found close by remains of temples in Saqqara and Tuna el-Gebel, it is believed that priests were responsible for animal husbandry and that they also sold the animal for votive purposes.

It is estimated that there might be as many as 8 million dog mummies at Saqqara.

Animals were mummified for a number of reasons: they were seen as deities, they were beloved pets who had to enter the afterlife, and they had to be food in the afterlife. Dogs inspired many cults, and they were used for hunting, as guardians and as herd dogs.

"While ancient Egyptians referred to cats as only The Cat, dogs had names, because they responded to a name," said Ikram.

Dogs portrayed in hieroglyphics have collars around their necks – a clear indication that they were pets.

During her talk (entitled "Man's Eternal Best Friend: Dog and Human Burials in Egypt") at the autumn meeting of the Classical Association of South Africa (Western Cape Branch) in Stellenbosch, Ikram showed a number of photographs depicting mummies. One of these really pulled the heartstrings: it showed a grown man and, at his feet, the mummified remains of his dog.

Ikram said that it was possible that this dog died because it pined for its master. Many a tomb also has the name of the dog – the Egyptians believed that writing down a being's name would ensure that it would live forever in the afterlife.

One of the dog deities most frequently seen on tombs is the super-canine Anubis. He has the body of a man, but his head is a mixture of the jackal, dog, wolf and fox. He is the god of embalming and as the "opener of the way" he guided the deceased safely from the world of the living to the world of the dead.

Although Egypt has seen some political instability these past few years, Ikram says she is not afraid that those in power will destroy heritage sites in the same way as the destruction that took place in Mali. However, she is concerned about the number of heritage pieces finding its way out of the country.

"The police force is not as active as it should be and the archaeological sites are not sufficiently protected. Although land grabbing and looting has always occurred, it is now more successful than before. I am also concerned diplomatic bags may be misused. Being a country bordered by the Red Sea, some areas of the border are also more permeable than others."

According to Ikram, about 70% of ancient Egypt is still undiscovered. "Thousands of years ago Egypt was a good place to live. It is still a good place and through the centuries cities have been built up on ancient sites."

Egypt is indeed an exciting place to be if you are interested in literally digging up history.



*Prof Salima Ikram* *Photo: STEPHANIE NIEUWOUDT*



# Rassisme in die wetenskap?

*'n Nuwe en baanbrekende navorsingsprojek in die US se Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe sal ondersoek instel na die studie van menswetenskappe aan die instelling. Dit sal fokus op die rol en bydrae van akademiese denke en intellektuele paradigmas van die verlede op beleid wat mense in rasse- en kulturele "tipes" verdeel het, pogings om rassevermenging te voorkom en die grondslag vir diskriminasie te lê.*




US-navorsers het hierdie baanbrekende projek geïnisieer nadat 'n nagraadse student in die Departement Sosiologie en Sosiale Antropologie, Handri Walters, op 'n mensskedel en twee haarkleur- en oogkleurkaarte afgekom het tussen oorblyfsels van die destydse Departement Antropologie (Volkekunde) terwyl sy die geskiedenis van dié ouddepartement ondersoek het. Die aanduidings is dat die voorwerpe waarskynlik vir die klassifikasie van mense in ras-kategorieë gebruik is. Vrae het toe ontstaan oor die toepassing daarvan vir onderrig-doeleindes.

"Hierdie navorsingsprojek is 'n voorloper van 'n veel wyer en dieper wetenskaplike vraag oor die impak en invloed van die politieke en sosiale paradigmas van akademiese leiers op die kurrikula en onderrigmodelle van ons tersiêre opvoedkundige instellings. As denkleiers is dit ons morele plig om kritiese vrae te stel oor die konteks, fokus, relevansie en nalatenskap van die wetenskaplike aktiwiteite van ons instellings," sê prof Eugene Cloete, Viserektor: Navorsing en Innovasie.

Die ontdekking van die skedel het ernstige wetenskaplike vrae laat ontstaan onder die sosiale antropoloë

> *"As denkleiers is dit ons morele plig om kritiese vrae te stel oor die konteks, fokus, relevansie en nalatenskap van die wetenskaplike aktiwiteite van ons instellings."*

by die Universiteit, en dit is vir hulle 'n raaisel hoe hierdie skedel gebruik is in die onderrig van 'n dissipline soos Antropologie in die sosiale wetenskappe.

Volgens 'n tegniese verslag deur dr D.F. du Toit, voorheen verbonde aan die US Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, was die skedel die menslike oorskot van 'n vrou van gemengde herkoms tussen 35 en 50 jaar oud. Die skedel is nie uit 'n doodskis gehaal of uit 'n graf opgegrawe nie. Hoewel dit nie registrasie-identifikasiemerke gehad het nie, het die verslag bevestig dat die skedel van 'n wettige anatomiefasiliteit afkomstig was en deel was van 'n versameling wat voldoen het aan die vereistes van die Wet op Menslike Weefsel, sê prof Johan Hattingh, Dekaan van die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe.

Hy sê die skedel en oog- en haarkleurkaarte bring talle ander kommerwekkende vrae na vore, soos: "Is hulle vir onderrigdoeleindes gebruik, en indien wel, hoe? Watter wetenskaplike paradigma het destyds bestaan wat die gebruik van sulke items vereis het?"

Die navorsingspan, gelei deur dr Mandisa Mbali, dr Thomas Cousins, prof Steven Robins en prof Kees van der Waal, sal die historiese breuke en kontinuïteite in die sosiale wetenskappe aan die US ondersoek.

"Hierdie projek beoog interaksie met internasionale navorsers en word geïnspireer deur die idee dat begrip van die 20ste eeu se geskiedenis van die sosiale wetenskappe, en spesifiek antropologie, dit moontlik kan maak om die etiese uitdagings waarmee die wetenskap in die 21ste eeu worstel, beter te kan verstaan," sê Robins.

# Du Plessis vier 33 kunsryke jare



*Johann du Plessis se werk Sankie.*
*Foto: MARTIN GIBBS-ATELJEE*

Die US se Sasol Kunsmuseum bied tans Johann du Plessis se uitstalling getitel SILENCE PORTRAITS aan.

Dit bestaan uit 33 portrette van individue wat oor die jare sy pad as kunsopvoeder, kunstenaar en kurator gekruis en 'n impak op sy lewe gemaak het. 'n Selfportret is ook ingesluit.

Die uitstalling vier die 33 jaar sedert Du Plessis se eerste solo tentoonstelling in 1979 in die Sterrewag-teater, Bloemfontein. Hierna het gereelde solotentoonstellings in Johannesburg, Port Elizabeth, Pretoria, Bloemfontein en Kaapstad en omstreke gevolg.

Sy eerste deelname aan groep-uitstallings was tussen 1982 en 1985 in Bloemfontein, daarna in verskeie galerye in Johannesburg en sedert 2007 ook in verskeie Wes-Kaapse galerye, met onder meer ook deelname aan die KKNK in 2008 en 2013.

Du Plessis het in 1987 sy eerste kunsprys verower toe hy die algehele wenner van 'n FNB-kunskompetisie was. Daarna het 'n tweede prys by die Internasionale Miniature-uitstalling in Toronto, Kanada gevolg, asook 'n meriete prys op die vyftiende Grand Prix International d'Art Contemporain in Monaco. Hy was ook 'n finalis in die Brett Kebble-kunstoekennings van 2003.

Sy loopbaan as kunsopvoeder het in 1981 in Bloemfontein begin en by die Damelin-kunsakademie in Johannesburg geëindig waar hy departementshoof, adjunkhoof en uiteindelik prinsipaal was.

Du Plessis spesialiseer in grafiese kuns (teken, drukgrafika en collage). Daar is ook spore van dadaïsme, minimalisme, formalisme, Pop Art, post-modernisme en neo-klaustrofobisme in sy werk te sien, aldus die kunstenaar.

Die kunswerke in *SILENCE PORTRAITS* is "spieëlbeelde" van oorspronklike foto's of die verwysingsbron, gelaai met simbolisme (eerder persoonlike simbole) wat veelvlakkig aangebied word.

Die uitstalling word vergesel van 'n klankbaan wat deur die befaamde klankkunstenaar Wilbert Schübel gekomponeer is. *SILENCE PORTRAITS* duur tot 29 Junie.

- Die uitstalling *Solipses* V van Wim Botha is verleng tot 20 Julie. Dit sluit 'n reeks grootskaalse werke in wat gebruik maak van fluoresserende lig, gekerfde polistireen en hout om 'n visueel dramatiese en monumentale omgewing te skep wat alternatiewe realiteite en onsigbare wêrelde oproep.
- Die US Kunsgalery is tans vir restorasie gesluit tot 31 Oktober 2013.





*This month, why not try a scrumptious winter lunch at the Skuinshuis, experience some heart-warming chamber music in the Endler Hall during the Stellenbosch International Chamber Music Festival, or read a new book on the late activist and theologian Dr Beyers Naudé.*

## Lunch-time

If you feel like a scrumptious lunch with wholesome vegetables and tender meat – real home cooking – then you should pop into TasteBud Food Pantry & Eatery. Their wonderful buffet is perfect for when you feel like comfort food.

The restaurant is situated in the historic Skuinshuis in Ryneveld Street and the décor is light and airy.

Their buffet consists of a variety of dishes, always looking and tasting fresh. No wonder TasteBud is usually full over lunch-time.

They prepare various vegetable dishes, pastas and some salads. Meat dishes, like curry or stew, are also favourites. Or you can enjoy their quiche for lunch.

For dessert, their red velvet cupcakes or the moist carrot cake are excellent.

On their menu they also have, for instance, a good burger, which is served with chips or salad – certainly worth trying.

The best part of TasteBud is enjoying your lunch on the front stoep and taking in the atmosphere of Stellenbosch.



## Listen



Twenty-seven talented musicians from across the globe have been confirmed to perform and teach at the 10th annual Stellenbosch International Chamber Music Festival (SICMF) in July.

Among them are musicians who are members of the world's most renowned orchestras, have performed as soloists in the most prestigious concert halls, and are considered amongst the foremost teachers. These include South African musicians as well as those from other parts of the world.

The SICMF celebrates its 10th year from 5 to 14 July 2013 at SU's Conservatoire with a packed programme of daily evening concerts, master classes, lunch-time concerts and lectures.

"All the musicians we have invited as faculty members for our 10th festival bring with them a wealth of experience, having performed all over the world. They are not only great performing artists but also excellent teachers who are able to share their knowledge with the young musicians who attend our festival," says prof Nina Schumann, the festival's Artistic Director and professor of piano at the Conservatoire.

Among the chamber music works on the festival's 2013 concert programme are ten South African premieres, as well as the world premiere of Pietermaritzburg-born composer Kevin Volans's "Turning Point". The programme also includes works by Schubert, Brahms, Mendelssohn, Prokofiev and Shostakovich.

Two full symphony concerts will be part of the festival, with pianist Antonio Pompa-Baldi as soloist in Rachmaninoff's Piano Concerto no.2 on Friday, 12 July; and violinist Alissa Margulis playing Alexander Glazunov's Violin Concerto on Sunday, 14 July.

This year, two renowned conductors, Evgeny Bushkov and Daniel Raiskin, will lead the festival's concert and symphony orchestras.

Among the other instrumentalists who will be performing are South African-born violist Gareth Lubbe, New York-based Weston Sprott (second trombone of the Metropolitan Opera Orchestra), violinist Frank Stadler (pictured above), as well as cellists Julian Arp and Wolfgang Emmanuel Schmidt.

Tickets are available from Webtickets. Visit www.sicmf.co.za for more information about the programme or call the SICMF office on 021 808 2343 during office hours.

## Lees

'n Nuwe boek onder redaksie van die US-teoloë Len Hansen, Robert Vosloo en Murray Coetzee bied 'n besondere perspektief op die lewe, teologie en bediening van wyle dr Beyers Naudé, bekende predikant en anti-apartheidsaktivis.

Die boek, getiteld *Vreesloos gehoorsaam: 'n Keur uit Beyers Naudé se preke van 1939 tot 1997* (SUN Media), is in Mei deur die US se Beyers Naudé-sentrum vir Publieke Teologie (BNS) bekend gestel. Dit is die sesde publikasie in die BNS-reeks oor Publieke Teologie. Die bundel bevat 'n seleksie van 60 preke uit 'n versameling van 1 550 preke wat die omvang en ontwikkeling van Naudé se denke weerspieël. Die versameling is saam met 220 toesprake deur sy vrou, Ilse, aan die BNS se argief geskenk.

Die preke dek 'n wye verskeidenheid onderwerpe soos sending, armoede, reg en geregtigheid, die kerk en raskwessies, en verwoord ook Naudé se teenstand jeens apartheid vanuit sy teologiese beskouings en kerklike en ekumeniese ervarings. Voorts weerspieël dit Naudé se persoonlike stryd om krities met sy kultuurtradisie en kerk in gesprek te tree.


"Op baie min plekke word die verskuiwing in denke wat Beyers Naudé ondergaan het duideliker uitgespel as juis in sy preke," sê Coetzee.

Hy meen die boek help lesers om verskuiwings wat Naudé in sy lewe en werk ondergaan het beter te verstaan, en ook om insae te verkry in die verskillende faktore en gebeure wat tot hierdie verskuiwings gelei het.

Die geselekteerde preke moet dus binne konteks verstaan word, voeg Coetzee by.

Volgens Hansen vertel die boek nie net iets oor Naudé se lewe nie, maar ook oor wat op bepaalde krisistye in Suid-Afrika gebeur het. "Met hierdie boek wou ons oom Bey self aan die woord stel," sê hy.

- Bestel die boek by www.sun-e-shop.co.za of skakel 021 201 0071.



# Stay healthy this winter

*With winter on our doorstep, it is best to start now to arm yourself against the onslaught of colds and flu. As they say, prevention is better than cure.*

Is the thought of coughing, sneezing and feeling under the weather enough to give you the chills, then follow these simple guidelines to stay healthy this winter.

- Regular exercise

If you want to boost your immune system, get active. Getting your heart rate up for just 20 minutes three times a week is associated with increased immune function. Regular exercise increases the level of leukocytes, an immune system cell that fights infection.

- Get more antioxidants in your diet

A diet rich in antioxidant vitamins and nutrients can boost immunity to help fight infection. Top antioxidants include vitamins C and E, plus beta-carotene and zinc. To get enough of these antioxidants in your diet, experts recommend eating lots of brightly coloured fruits and vegetables, including berries, citrus fruits, kiwi, apples, red grapes, onions, spinach, sweet potatoes and carrots.

- Adequate sleep

Fatigue increases your susceptibility to illness. Like stress, insomnia can cause a rise in inflammation in the body – possibly because lack of sleep also leads to an increase in the stress hormone cortisol. Getting adequate sleep – usually 7 to 9 hours for an adult – is essential to good health.

- Practice relaxation techniques

If chronic stress suppresses the immune system, then learning techniques to reduce stress should help return your immune system to healthy – and maybe even give it an additional boost. Reducing stress lowers levels of cortisol. It also helps you sleep better, which improves immune function.

- Sneeze and cough into your arm or a tissue

Holding your hand in front of your mouth or nose just puts the germs on our hands, from where you can spread them to objects and other people. Instead, hold the crook of your elbow over your mouth and nose when you sneeze or cough if a tissue is not at hand.

- Get a flu shot every year

The best prevention strategy for flu is an annual vaccination. The vaccine is particularly important for people with chronic conditions such as diabetes, asthma, kidney problems or heart disease, people aged over 65 and pregnant women. People whose immune systems are weakened through illness or medication should also consult their family doctor.

- Change your toothbrush every three months

A toothbrush can be a breeding ground for germs. Most dentists recommend you change your toothbrush every two to three months. It's also a good idea to replace it after you've had a cold or flu to prevent reinfection.

*Source: www.webmd.com*







# 'n Nuwe uitdaging

*Prof Rachel Jafta van die US se Departement Ekonomie is 'n leier op vele gebiede. Nou is sy ook die nuwe voorsitter van Media24 se direksie. ILSE ARENDSE het met haar gesels.*



*Prof Rachel Jafta* *Foto: STEFAN ELS*

As senior dosent by die US se Departement Ekonomie, stigter en voorsitter van die Rachel's Angels Trust, medestigter en direkteur van die ekonomiese konsultasiemaatskappy Econex, voorsitter van die Kaapstad Karnavaltrust, asook direkteur van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudinge, het prof Rachel Jafta sekerlik meer as die meeste mense op haar kerfstok. Tog is sy gereed

> *"Ek bly voltyds by die Universiteit; om studente te help om ekonomie te verstaan is in my bloed. Dit gaan fyn tydsbestuur kos, maar ek sal ook my verantwoordelikhede by Rachel's Angels nakom."*

vir nog verantwoordelikhede. Jafta is onlangs aangewys as direksievoorsitter van die mediareus Media24, en sê sy is gereed vir die nuwe uitdaging, hoewel dit goeie tydsbestuur en beplanning gaan verg. "Ek bly voltyds by die Universiteit; om studente te help om ekonomie te verstaan is in my bloed. Dit gaan fyn tydsbestuur kos, maar ek sal ook my verantwoordelikhede by Rachel's Angels nakom."

Rachel's Angels is 'n tweejaar-mentorskapprogram wat al sedert 2007 in die Wes-Kaap in samewerking met die US en Media24 aangebied word. Die program is daarop gemik om Gr 11- en 12-leerders se akademiese vermoëns te verbeter en om hul lewensvaardighede te verryk met die hulp van senior studente as mentors.

Jafta het ná matriek ekonomie by die Universiteit van Wes-Kaapland (UWK) gaan studeer, haar honneursgraad voltooi en daarna haar M-graad by Stellenbosch en PhD in Italië gedoen.

> *"Dit is myns insiens 'n wen-wen-situasie omdat akademiese kundigheid aangevul kan word met eerstehandse ervaring in die praktyk, wat weer onderrig en navorsing verryk."*

Sy sê sy is baie dankbaar vir die buigsaamheid wat die Universiteit, haar fakulteit en departement aan die dag lê om haar toe te laat om in die praktyk betrokke te wees. "Dit is myns insiens 'n wen-wen-situasie omdat akademiese kundigheid aangevul kan word met eerstehandse ervaring in die praktyk, wat weer onderrig en navorsing verryk."


Die benoeming as direksievoorsitter van Media24 was vir Jafta 'n aangename verrassing. "Ek is sedert 2003 op die Naspers-direksie en sedert 2007 op Media24 s'n en dus goed vertroud met die groep. Ek is opgewonde om by die leierskapspan aan te sluit op 'n tydstip waar die maatskappy al hoe meer innoverend moet dink om die uitdagings wat internasionale tendense, soos veranderinge in tegnologie en verbruikersgedrag, in geleenthede vir groei om te sit."

Die feit dat sy in die voetspore van wyle prof Jakes Gerwel volg, is ook vir haar baie spesiaal. Gerwel is in November verlede jaar oorlede.

"Ek het vir prof Gerwel van my studentedae af geken (toe hy nog Departementshoof van Afrikaans en Nederlands by UWK was) en natuurlik vir meer as nege jaar as mededirekteur op die Naspers-direksie. Ons albei het ook 'n passie vir gemeenskapsinteraksie gedeel. Dit is vir my 'n besondere voorreg om hom op te volg."

Wat behels hierdie pos as voorsitter van Media24? "Behalwe vir die bepaling van agendas, datums vir vergaderings, ensomeer, asook fidusiêre pligte, byvoorbeeld ten opsigte van korporatiewe bestuurstoesig, is die voorsitter se rol omtrent soos 'n brug tussen die uitvoerende bestuur en die direksie. Laasgenoemde is verantwoordelik vir strategiese leiding, maar die voorsitter moet seker maak dat die raad goed ingelig is en dat daar nie haakplekke in kommunikasie is nie.

"Verder bied die voorsitter onafhanklike raad en advies aan die bestuur, wat beteken dat die voorsitter op hoogte moet bly van die maatskappy se aktiwiteite, sowel as die breë omgewing waarbinne die onderneming funksioneer," verduidelik sy.



*Prof Herbert Weigel (middle) of the Department of Physics in the Faculty of Science delivered his inaugural lecture on Tuesday, 14 May. The title of his address was "Considerations on the Quantum Vacuum". Pictured here is Weigel with Prof Eugene Cloete, Vice-Rector: Research and Innovation, and Prof Douglas Rawlings, Acting Dean of the Faculty of Science.* Photo: ANTON JORDAAN



*Prof Owen Dean (middel) van die Departement Handelsreg in die Fakulteit Regte het op Dinsdag 21 Mei sy intreerede, getiteld "Deprivation of Trademarks Through State Interference in their Usage", gelewer. Hier is Dean saam met prof Eugene Cloete, Viserektor: Navorsing en Innovasie, en prof Sonia Human, Dekaan van die Fakulteit Regte.* Foto: JUSTIN ALBERTS



*The positioning of SU as a transformed institution that is able to address the demands of a tertiary institution of the 21st century was established when the SU Council approved Management's Institutional Intention and Strategy for 2013 to 2018 at the end of April. On Monday 13 May, SU Rector Prof Russel Botman explained the implications of this strategy to staff members at a lunch-time function held at the Conservatoire. More information on the different documents of this strategy will soon be communicated via* Kampusnuus.
Photo: JUSTIN ALBERTS


## ADVERTENSIES / ADVERTISEMENTS

### TE KOOP / FOR SALE

**Heuning:** 500g heuning te koop @ R30. Kontak Sas De Kock by 021 887 0988 of 084 023 8909.

### TE HUUR / TO LET

**House in Somerset-West:** 4 Bedrooms, 2 bathrooms, 3 living areas, semi-open kitchen, indoor fireplace and braai-area, covered parking, pool, lapa, enclosed garden. Pet-friendly. Price: R11 000pm (unfurnished) and R12 000pm (furnished), plus one month deposit. Non-smoking. From: 1 July 2013. Contact: 079 693 3264.

### SAAMRYKLUB / LIFT CLUBS

**Strand – Stellenbosch:** Bestaande saamryklub soek een of twee persone met motors om aan te sluit. Werksure 08:00 tot 16:30. Kontak: aef1@sun.ac.za of 083 648 2727.

**Kuilsrivier – Stellenbosch:** Bestaande saamryklub soek een persoon met motor om aan te sluit. Werksure: 08:00 tot 16:30. Kontak seb@sun.ac.za (Susan Blanche).





*Dr Maria Ramos (third from right), Group Chief Executive of Absa and Chief Executive Africa of Barclays, was the guest speaker at the second Frederik Van Zyl Slabbert Honorary Lecture, hosted by the Frederik Van Zyl Slabbert (FVZS) Institute for Student Leadership Development at SU at the end of April. Here she is with Clinton du Preez (SRC Chairperson), SU Rector prof Russel Botman, Tania Slabbert (daughter of the late Van Zyl Slabbert), Dr Holger Dix (representative of the Konrad Adenauer Foundation in South Africa who sponsored the event), and Dr Leslie van Rooi (Head of the FVZS Institute).*